Tema: Christus is die ware wingerdstok (Lewensbron)! Jy is ‘n loot (gelowige/volgeling) in Hom geheg. Bly in Hom glo sodat jy baie vrug vir God kan dra!

Lofprysing met die oog op die erediens
Ps 33 – 1: 1,2,11
Lied 305: 1,2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 110- 3: 1,2
Votum
Seën;
Loflied Sb 3-5: 1, 2, 3, 4
Geloofsbelydenis: 12 Artikels (almal hardop saam)

Verootmoedigingsdiens
Sing: Ps 80-1: 5, 6 (Mel Ps 105 - 1)
Wet uit Eks 20
Sing Ps 80-1: 7, 8
Gebed

Woorddiens
Skriflesing Johannes 15: 1 - 8
Teks: Johannes 15: 5
Sing: Sb 3 – 5: 7,8
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Formulier vir Geloofsbelydenis;
Sing na belydenisaflegging: Ps. 20 – 1: 4,5 (Mel Sb 18 – 6).
Gelukwensing en oorhandiging van sertifikate – Huib en ek
Antwoord namens ouers van belydenisklas: Oudl Gerhard Turkstra
Gebed
Sing Sb 14 – 4: 1,2,3,4
Seën
Amenlied Sb 13-2.

“Ek is die ware druiwestok en my Vader is die boer”.

Brs en srs en geliefde jongmense

Hierdie aankondiging van Jesus was radikaal anders as wat die mense van sy tyd geglo het! Dit was vir die Jode eintlik skokkende woorde! Net so radikaal anders is julle nege se geloofsbelydenis teenoor dit wat die wêreld vandag glo! Vir julle – soos vir ons almal – om hierdie radikaal anderse geloof elke dag uit te leef, moet ons weet wat is God se boodskap vandag vir julle en vir ons almal :

| |
|---|
| Christus is die ware wingerdstok (Lewensbron)! Jy is 'n loot (gelowige/volgeling) in Hom geheg. Bly in Hom glo sodat jy baie vrug vir God kan dra! |

Hoekom was Jesus se uitspraak so radikaal anders?

(wys skyfie 1) Wanneer 'n Jood 'n druiwestok sien of daaraan sou dink, dan het sy bors geswel van trots! Want die druiwestok was die metafoor wat God dikwels in die Ou Testament vir sy volk gebruik het. (wys skyfie 2)

Die volk Israel het met die metafoor van 'n druiwestok 'n verband gelê tussen hulle en die spesiale verhouding met die Here. Hulle was immers die uitverkore volk van God, sy oogappel, sy wingerd – so het die Here hulle genoem! In Ps. 80 word gesê dat Israel 'n druiwestok was wat God uit Egipte gaan haal het en in die land Kanaän kom plant het en hierdie "wingerd" het welig gegroei en uitgebrei oor 'n groot gebied. Dit was die Jode se trots: solank jy 'n Jood was, was jou saak met God reg. Solank jy in die tempel aanbid het en jou offers gebring het, dan is jy deel van God se wingerd!

Die druiwestok as simbool het 'n geweldig belangrike rol gespeel in die godsdienstige en politieke denke van die Jode. In die tyd na die ballingskap en veral in die tyd tussen die Ou en die Nuwe Testamente toe die volk selfstandigheid wou verkry van die ander volke wat oor hulle geheers het, het hulle vir hulle eie muntstukke gedruk met druiwe as simbool daarop. (wys skyfie 3)

Hierdie simbool van Israel as druiwestok van die Here was so sterk in hulle denke en bron van hulle geestelike - en volksidentiteit dat Herodus 'n reuse goue wingerdstok met druiwetrosse op een van die hekke na die tempel toe aangebring het. (wys skyfie 4). Jesus en sy dissipels het baie onder die wingerdstok op pad na die tempel toe deurgeloop.

Selfs tot vandag toe gebruik baie sinagoges die wingerdstokmotief in hulle boustyle. (wys skyfie 5) Kinders: 'n sinagoge is die naam vir 'n Joodse kerkgebou.

Brs. en srs., julle kan dus verstaan dat toe Jesus van 'n druiwestok praat, moes die dissipels dadelik aan die Joodse volk en hulle verhouding met God en hulle godsdienstige lewe gedink het. Dit het 'n trotse gevoel by hulle bewerk.

Maar nou kom Jesus en sê: Ek is die "ware" wingerdstok ! Hierdie wingerdstok waaraan die dissipels gedink het, is nie die ware druiwestok nie. Israel as uitverkore volk van God het nie die vrugte opgelewer wat God as boer wou gehad het nie. Die ironie is dat in al die gedeeltes in die Ou Testament waarin God na Israel verwys as

sy wingerd word daar krities en veroordelend gepraat oor Israel wat nie die vrugte gelewer het wat God wou gehad hê nie!

Om dus te roem dat jy in ’n spesiale verhouding met God staan omdat jy ’n Jood is en van Abraham afstam, beteken niks! Liewe jongmense! Julle word nie gered omdat julle in gelowige huise grootgeword het en van kleins af geleer is dat julle Christene is nie! Jou opvoeding in die huis, die feit dat julle aan die kerk behoort en hier in die kerk groot geword het, kan julle nie red nie! Nee, net deur geloof in Jesus Christus kan jy gered word!

En daarom stel Jesus Homself nou in die plek van Israel – Hy is die ware druiwestok en God, sy Vader, boer nou in en deur Hom met sy volk! God maak nou vir hom ’n volk bymekaar deur Jesus Christus! Hierdie was dus ’n ingrypende uitspraak wat sy hoorders moes skok.

Hoekom is Jesus die ware druiwestok? Omdat Hy die straf van God op die mislukking van die mens moes kom dra! Omdat mense nie uit hulleself gered kan word nie – hulle is sondig – daarom moet Christus kom! Hy moes sterf sodat daar vir ons ware en ewige lewe kan wees.

God, ons Vader, die Druiweboer – maak vir hom ’n volk bymekaar deur Jesus as die Wingerdstok! Hy is die Een wat aan mense die ware en ewige lewe gee! God het ons in Christus gered! Hy het deur sy Gees geloof in ons gewek sodat ons in Christus kan wees – in Hom kan glo! En vir God vrug kan dra met ons lewe!

(Wys skyfie 6)
Brs. en srs. en liewe jongmense, net soos die lote van die druiwestok hulle lewensap uit die druiwestok verkry, net so kry ons die ware en ewige lewe deur ons geloof in Christus as ons Verlosser! Dit is hoe julle gered is!
God het deur julle ouers se opvoeding en deur die kerk hierdie geloof in julle harte gewek! Dit is alles God se genade! God - die Boer - wat op Golgota ’n wingerdstok plant Jesus Christus– die enigste en die ware Verlosser van sy volk!

Ons is ook so in Christus ingeplant deur ons geloof! Dit is die uitverkiesing, dit is God se genade aan sondaarmense wat hulleself nie kan red nie!

Liewe jongmense – dit is hierdie geloof - wat God in Christus vir julle gegee het - wat julle vanmore voor die wêreld kom erken en sê: ja ons glo!

Maar liewe jongmense, brs en srs , omdat hierdie geloof radikaal anders is as wat die wêreld glo of doen – daarom moet ons styf vashou aan Christus!
En dus waarom die Here Jesus sy dissipels en vir ons oproep op om “in Hom te bly”. Ons is die lote en ons moet in die ware druiwestok bly en uit en deur Hom lewe!

Wat beteken dit om “in Christus te bly”? Hoe doen ons dit?
Dit beteken eerstens om altyd net jou vertrou op Christus te stel vir jou verlossing en vir jou lewe! Dat jy nie jou verlossing stel in die feit dat jy van ’n sekere volk of taal of ras gebore is nie! Dat jy nie gered omdat jy aan ’n sekere kerk behoort nie! Jy word ook nie gered omdat jy sekere godsdienstige handelinge getrou doen nie! NEE! Jy word alleen gered as jy glo dat Christus vir al jou sondes betaal het en aan jou die ware geloof gegee het! Jy moet dus op die regte druiwestok ge-ent wees. Dat jy nie

toegee aan al die versoeking van die wêreld om jou vertroue in iets of iemand anders te stel nie! Daar is baie stemme daar buite wat roep dat jy in hulle moet glo en jou vertroue op aardse dinge moet stel: rykdom, roem, sukses,ens. Christus roep jou: Bly in My!

Liewe jongmens – is dit jou persoonlike oortuiging? Glo jy so in Christus! Br en sr, is dit wat ek en jy glo! Is Jesus vir ons die ware Wingerdstok?

Tweedens beteken die woorde "om in Christus te bly" om in 'n lewende verhouding met Christus te lewe! Net sou intiem as wat die lote verbind is aan die druiwestok en die druiwestok die lewensap aan die lote verskaf , net so intiem moet jy met Christus lewe! Daar moet beweging/lewe tussen jou en Christus wees! Die sap van geloofskrag moet van Christus na jou toe vloei – net soos 'n loot aan die lewe bly omdat dit in die wingerdstok geheg is!

Hierdie "lewenssap" is God die Heilige Gees wat in jou kom woon! Die Heilige Gees wek die lewe in jou en Hy hou die ware lewe in jou in stand! Hy is jou krag as gelowige! Dit is God die Heilige Gees wat jou staande gaan hou en wat jou die vermoë gee om jou geloof uit te leef! Om te gaan doen wat julle vanmore hier bely! Christus gee jou die krag deur sy Gees! Sonder Christus en die Gees kan ons niks doen nie! Maar met Christus en sy Gees kan ons wonderlike vrugte vir God dra!

Prakties, brs. en srs. en kinders, beteken dit dat jy die Here Jesus moet liefhê as en soos jy 'n persoon liefhet. Dat jy elke dag met die Here praat, na Hom luister en fyn ingestel daarop is om Hom gelukkig te maak! Dat jy Christus as sentrum van jou bestaan erken en jou lewe rondom Hom inrig! Dat jy na die Heilige Gees luister en in sy krag lewe!
Leef jy elke dag so "in Christus"?

Kyk net watter wonderlike belofte gee die Here jou hier: as jy so in Christus bly – sal jy Hom enige iets in gebed kan vra en Hy sal dit vir jou gee! Natuurlik volgens God se wil – maar kan mag bid en glo dat God jou sal versorg en help met alles in jou lewe! Wat 'n wonderlike belofte om aan vas te hou – te midde van ons lewe in hierdie vreemde en woeste wêreld!

Geliefde jongmense,
Die wonderlike genade is dat God ook nog besig met ons is! Hy help ons om so in Christus te bly! Jesus sê dat ons Vader die boer is en dat Hy besig is om die druiwestok te versorg. Een van die belangrikste dinge wat 'n druiweboer moet doen om te sorg dat sy wingerd goeie vrugte dra, is om die druiwestok te snoei.
Kinders – (wys skyfie 7)! Om te snoei beteken dat baie van die loot se blare en takkies afgesny moet word sodat net die sterk lote kan oorbly om druiwetrosse te dra. As die boer nie die lote snoei nie – dan is daar net baie lote en blare en niks druiwe nie.

Brs. en srs., God snoei ons op verskillende manier sodat ons kan groei in ons geloof en meer vrugte kan dra!
Hy snoei ons eerstens met die Woord! In sy Woord leer God ons wat reg en verkeerd is, sodat ons leer om ons van ons sonde te bekeer en meer die vrugte van die Gees te dra. Hoe meer ek dus na God luister en hoe meer ek Hom gehoorsaam – hoe meer groei my geloof en meer vrugte dra ek vir die Here. Luister na God in sy Woord!

God snoei ons tweedens ook deur dinge wat in ons lewe gebeur. Beproewing, uitdagings, oorwinnings en vreugde wat my leer om naby aan God te bly, in Christus te bly en so dra ek meer en meer vrugte vir die Boer.

Brs en srs, liewe jongmense, God, die Boer, snoei nie net sy wingerdlote skoon sodat hulle meer vrug dra nie, God sny ook weg. Hy sny dooie lote af. Mense wat net in naam Christene is maar nie waarlik in Christus lewe nie! Mense wat volhard in hulle sonde en nie bekeer nie word dooie lote wat afgesny word. Die dooie lote word verbrand. Dit is ook ŉ dringende waarskuwing tot bekering en geloof!

Hoekom doen God dit alles? Hoekom Christus as die ware Wingerdstok op Golgota geplant? Hoekom ek as loot – as gelowige - in Christus? Hoekom God se werk in my lewe? Hoekom glo en belydenis van geloof doen?
Sodat God se naam deur ons lewe groot gemaak kan word! God wil dat ons vrug dra as die lote in sy wingerd! Heerlike vrugte van ons lewe in geloof, liefde en hoop! Hoe meer vrug ons dra – hoe meer kry God die eer! Dit staan tog duidelik in vers 8. God word meer en meer verheerlik, Hy ontvang die eer, hoe meer vrugte ons dra!

Dink so daaraan: Hoekom plant ŉ Boer ŉ druiwestok of sommer klomp van hulle in ŉ wingerd? Net om heeltyd water te gee en te snoei? Nee! Die boer wil die vreugde ervaar om deur sy wingerd te loop en te kyk hoe die druiwetrosse groei en ontwikkel tot volwassenheid! Hy wil proe hoe heerlik smaak die druiwe aan sy wingerd!

So wil God ook in ons geloofslewe die groei sien! Hy wil die vreugde ervaar van gelowiges wat groei en bloei en vrugte dra! Want dan ontvang Hy – die Boer – die eer! Ander mense sien die vrugte in sy wingerd en sê: Hy is darem ŉ goeie boer, kyk net sy druiwe! Dis hoekom ons in ons geloof moet groei en vrugte dra! Ons Vader moet die eer ontvang.

Brs en srs, liewe jongmense, mag God se Naam verheerlik word deur ons lewens in Christus! Liewe jongmens: mag God verheerlik word in julle lewens as gelowiges! Dink net met wattert wonderlike voorreg lewe julle! Dat julle God verheerlik!

Mag daar vanmore vreugde voor die troon van God wees oor nege jongmense wat hulle geloof kom bely – midde ŉ wêreld wat niks meer van God wil weet nie!

Maar liewe jongmense, brs en srs – elkeen van ons - hoor ook die Here Jesus se ernstige oproep! Bly in Hom glo– sonder Hom kan julle niks doen nie! Maar in Hom en deur die Heilige Gees kan julle groei, sterk word en heerlike vrugte vir God dra! Tot eer van sy Naam – dit is die doel van julle lewe!

Amen